waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 7, NO 7 JULIE 2001

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Prikkelende prediking skif*
2 **Skrifoordenking**
*Wakker by die HERE*
Ds GJ Meijer
3 **Fokus**
*Onse Kader op die aarde*
Ds ALA Buys
5 **Op die kerkerf**
*Die negende gebod*
Dr AH van den Bout
7 **Rekenaar en Internet**
*Ek geloof aan die gemeenskap*
Dr AH Bogaards
7 **Regsmediese etiek**
*Selfmoord*
Dr AH van den Bout
9 *Nuusflits*
Dr AH van den Bout
10 **Mediese etiek**
*Die vyfde gebod en die geneeskunde*
Dr JM Boon
12 **Persskou**
*Hier kom 'n dekadente ding*
Ds GJ Meijer
12 *Die Stigting vir Gereformeerde Literatuur*


**REDAKSIONEEL**

# Prikkelende prediking skif

Die laaste Bybelboek. Die Here sluit die geskiedenis van sy openbaring af. Die boek Openbaring is sy laaste preek. Hierdie preek, gerig aan sy sewe gemeentes in KleinAsië, is bestem vir sy hele kerk van die laaste dae.

Die Here se laaste preek is 'n ekumeniese woord. Die 'oikoumenè', die hele bewoonde wêreld, kom in die gesigsveld van die hoorders. Die Here preek oor sy kerk. Sy verkondig die Woord tot aan die uiterste van die aarde. So bring die Gees mense tot geloof. Die Woord is 'n krag van God wat die lewe nuut maak. Die gelowiges, deur die Woord besiel, dien die Here in die hele lewe, in die gesin, in die skool, in die daaglikse werk, politiek en ontspanning.

Die getuies van Christus dra die heilsame werk van die Gees in hulle omgewing uit. Die gevolg? Hulle stuit op felle teenstand. Die wêreld wat verkies om in die slawerny van sonde te bly, haat en vervolg hulle. Die wêreld word 'n strydperk. Die vyande van God vervolg die kerk en haar gelowige kinders.

Die Here teister die afvallige wêreld met sy laaste plae. Ook sy kinders ondervind die gevolge daarvan.

Die einde van die ekumeniese preek. Op die laaste bladsy van die Bybel kry Gods volk een van sy laaste boodskappe. Die Here sê: 'Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word en laat die heilige nog heiliger word' (Openbaring 22:11). Met hierdie boodskap word God se volk die lewe ingestuur.

God praat hier nie oor buitestanders, oor die heidense keiser in Rome en sy volgelinge van alle tye nie. Hy spreek sy volk aan, die kinders van sy verbond. Wie onreg doen, wie vuil is, die regverdige, die heilige – almal is verbondskinders, broeders en susters in die kerk.

Die Here kondig aan: Almal groei. Onder die lewende verkondiging van die Woord bestaan daar geen stilstand nie. Elkeen neem toe, of in dade van onreg en vuilheid, of in wandel volgens die reg van die Here en in heiliging, in vernuwing van die lewe deur die Heilige Gees.

Die ekumeniese preek van God is prikkelend. Dit prikkel die gelowige tot voortgaande reiniging, suiwering en loutering. Dit prikkel ook die ongelowige, tot toenemende goddeloosheid (Daniël 12:10). Die gedagtes van die hart kry gestalte. Huigelaars word openlike vyande. Wie die Gees uit sy lewe afweer – wie onreg wil doen, sal as gevolg van die prikkelende preek nog meer onreg doen en al openliker onreg doen. Wie vuil is, word steeds vuiler. Die regverdige onderwerp hom en sy omgewing steeds meer aan die bevrydende Woord van God. Die heilige groei deur die kragvolle werk van die Heilige Gees in heiligmaking.

Prikkelende prediking sif. Dit maak skeiding tussen geloof en ongeloof. Dit skif, skei die kaf van die koring. Huigelaars wat 'n tyd lank die skyn van ware geloof voorgehou het, word ontmasker. Hulle ontvang nog die bediening van die tug wat hulle behoud soek. As geen bekering volg nie, verlaat hulle die kerk en skaar hulle hul by die openlike vyande van Gods volk.

Sifting maak seer. Ons wil nie een van ons broeders en susters verloor nie. Die kerk word kleiner in getal. Maar die Here maak haar groter in krag.

Bedienaars van die Woord, mag u prediking – in navolging van die Groot Herder – prikkel. En as die Here as gevolg van getroue Woordverkondiging sif, ook in die kerklike geledere in ons land, mag Hy dan tegelyk sy gelowige volk versterk om eendragtig die hele lewe aan sy heilsame Woord te onderwerp.

Wie 'n oor het, laat hom hierdie ekumeniese roepstem hoor.

Jaarvergadering van Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel oor die onderwerp

**Ons Teologiese Skool gister, vandag, môre.**

Datum: Saterdag 13 Oktober, 10:00-13:00. Forum-bespreking.

**Ds GJ Meijer,**
Wonderboompoort

SKRIFOORDENKING

# Wakker by die HERE

*Psalm 139:3a en 18b*

**U deurvors my gaan en my lê ... word ek wakker, dan is ek nog by U.**

Psalm 139 is 'n gedig van Dawid. Dit is 'n geïnspireerde gedig, en daarom heeltemal anders as enige ander gedig wat deur mense geskryf word. Gelei deur die Heilige Gees loop Dawid oopoë deur die lewe. Hy sien in watter toestand die wêreld is waarvan hy deel uitmaak. Daar is mense wat die lewe stelselmatig stukkend breek. Hulle huiwer nie om bloed te laat vloei net om hulle eie ideale te verwesenlik nie. Dawid bemerk ook die leuenagtigheid van die mens. Mense sal, sonder om 'n oog te knip, lieg en bedrieg vir hulle eie gewin. Dawid sien al hierdie dinge, en hy noem dit by name. Tog is dit nie die kernsaak waarom Psalm 139 draai nie - gelukkig nie. Hierdie lied laat die lewe van die mens sien in die lig van God se Woord.

## In die lig van Gods Woord

Wat sien ons van die lewe as die heilsame lig van God se Woord daarop val? Verskeie dinge. Die eerste wat ons bemerk, is dat die HERE ons deurgrond en ken. Die HERE: die enigste ware God wat sy volk Israel deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm uit die slawehuis van Egipte uitgelei het. Hy is die Vader van ons Here Jesus Christus, óns God en Vader sonder Wie se wil geen haar van ons kop kan val nie. Van Hóm sê Dawid: Hy deurgrond en ken my. Dit beteken: Ons troue Verbondsgod maak intens bemoeienis met die lewe van elkeen van sy kinders. Hy is ten volle op hoogte van al ons bewegings. Eenvoudige, alledaagse dinge soos my sit en my opstaan, my gaan en my lê is by Hom bekend. Al die weë waarop ek elke dag loop, lê voor Hom uitgestrek soos 'n oop boek. Hy is ook op hoogte van al my gedagtes: Daar is nog geen woord op my tong nie - of die HERE ken dit al geheel en al. Selfs die gedagtes agter my woorde is vir Hom bekend.

Die tweede wat ons raaksien as ons ons lewe in die lig van Gods Woord beskou, is dat die HERE ons in sy Vadersorg koester. Hy sluit my in van agter en van voor, sy hand lê op my (vers 5). Die troue Verbondsgod gaan voor my uit op die gevaarlike paaie waarop ek moet loop. Hy dek my in die rug sodat die kwaad my nie van agter af inhaal nie. Hy sit sy arm om my skouer om my liefdevol te onderskraag as ek deur die diepte moet gaan. Hy hou my gevange in sy liefde. Ek kán nie vlug vir die Gees van die HERE nie, want sy Gees is oral: in die hoë hemelruim, ook in die diepte van die graf, in die verre ooste waar die son opkom en ook in die weste waar die son sak. Ek kan selfs nie in die donker nag vir die Here wegkruip nie, want die duisternis is vir die HERE soos lig. As ek in sonde van die HERE af sou probeer wegkom, laat Hy my nie gaan nie - Hy hou sy kinders elkeen styf vas.

Hoe is dit alles moontlik? Die antwoord op hierdie vraag laat ons die derde belangrike ding raaksien as ons ons lewe onder die soeklig van die Woord stel. Hoe is dit dat die HERE ons so deur en deur ken en ons in sy sorg gevange kan hou? Omdat Hy ons gemaak het. Hy het my kunstig geweef in die skoot van my moeder: nie net my liggaam nie, maar ook my verstand - my gees, en my niere - die setel van my gevoel. En lank voordat Hy aan die weefwerk in my moeder se skoot begin het, het Hy reeds tot in die fynste detail beplan hóé Hy dit gaan doen. In sy lewensboek het Hy bepaal op watter unieke manier Hy elkeen van sy kinders gaan skep, met watter gawes en kragte en persoonlikhede Hy ons gaan toerus. Hy het ook alreeds vasgestel hoe elkeen se lewenspad gaan loop. In sy ewige raadsplan is alles besluit wat vandag gebeur. Daarom deurgrond en ken Hy my. Daarom kan ek nie van Hom af wegvlug nie.

## Verwondering

Dawid staan verwonderd as hy sy lewe só, deur die bril van Gods Woord, in oënskou neem. Hy sê dit in soveel woorde dat die HERE se kennis en sorg en skeppingswerk vir hom te wonderbaar is. Hoe meer hy probeer om die werke van die HERE te volg, hoe meer verwonderd raak hy. As hy die gedagtes van die Here probeer tel, bemerk hy dat hulle meer is as sand - ontelbaar dus.

Maak dit hom bang dat die HERE se gedagtes en werke ontelbaar is? Voel hy bedruk omdat die Here hom so absoluut deurgrond en ken? Alles behalwe. Dawid sê: As ek wakker word, dan is ek nog by U. Hierdie woorde veronderstel dat Dawid aan die slaap raak terwyl die Here in sy gedagtes is. Die oomblikke voor slapenstyd wy hy aan die HERE. Hy is nog besig om die kosbare gedagtes van God te probeer tel, dan oorweldig die slaap hom. En die eerste waarmee hy die volgende oggend opstaan, is weer die gedagtes oor God. Daar waar hy met slapenstyd die draad laat val het, daar tel hy dit met opstaantyd weer op om daarmee verder te werk. 'Word ek wakker, dan is ek nog by U': Hierdie woorde het Dawid deur die lewe gedra. Dit het hom versterk as sy lewe van alle kante bedreig word.

## Vervulde profesie

Maar nou, laat ons onsself nie teen die persoon van Dawid blind staar nie. Dit is immers nie waaroor dit in Gods Woord gaan nie. Die Skrifte het betrekking op Jesus Christus ons Verlosser. In Psalm 139 profeteer Dawid van die Here Jesus wat uit sy vlees gebore moet word. Christus vervul Psalm 139 - vir Dawid en vir ons. En kyk hoe Christus dit doen! Christus het slaap en rus

**VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Voorsitter:*
Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Bankrekeningnr:*
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

ontbeer. Hy sê dit Self dat Hy geen plek gehad het waar Hy sy hoof kon neerlê nie (Lukas 9:58). Met die oog waarop sê Hy dit? Sodat ons wel plek kan hê om tot ruste te kom. Christus verlos ons van rusteloosheid en vrees en spanning sodat ons in die aand met God kan gaan lê en slaap en in die oggend met God kan wakker word en opstaan. In ons nagrus is Christus ons Immanuel - God met ons. Christus waak oor ons as ons ons oë toemaak en van geen ding om ons bewus is nie.

'U deurvors my gaan en my lê ... Word ek wakker, dan is ek nog by U': Dit is woorde, gelaai met onuitblusbare geloofskrag. Dit het om Christus wil elke dag diepgaande betekenis vir elke gelowige kind van God. Om na 'n dag van woel en werk, na 'n dag van wonder en vra, na 'n dag van spanning en frustrasie te mag gaan lê, is genade. 'n Gewone ding soos slaap word 'n wonderwerk. Dit is onverdiende guns om met die HERE te gaan slaap en môre met Hom wakker te word en van Hom krag te ontvang om die nuwe dag met al sy dinge aan te pak. Ons bid nie verniet: 'Maak my môreoggend wakker met 'n eerste gevoel van dankbaarheid' nie. Dit is louter genade om onder God se bewarende oog te gaan slaap en uit God se krag op te staan. Genade, wat 'n mens diep dankbaar maak.

## Eerlike selfondersoek

Daardie dankbaarheid moet belééf word. Ons moet vir onsself 'n belangrike saak uitmaak. Die eerste deel van die saak is: Hoe gaan *slaap* ons? Met die HERE en al sy groot werke in gedagte? Met Skriflesing en gebed? Met persoonlike godsdiens, waarin die HERE gedank word vir al sy goedheid gedurende die afgelope dag? Of met 'n kop vol sorge, met kwade gevoelens, met sake wat nie uitgepraat is nie? Onthou: Dit waarmee jy gaan slaap, staan jy môreoggend op. Wie in onrus gaan slaap, staan in dubbele onrus op (Psalm 139:19-22). Probleme vererger deur die nag. Die ander kant is ook waar. Wie in vrede gaan slaap, staan met nuwe krag in vrede op. Wie met die Here gaan lê, word met die Here wakker.

En dit is die tweede deel van die saak wat ons moet uitmaak: Hoe stáán ons op? Met die HERE in gedagte, met gebed, met godsdiens, met 'n dag wat voorlê vol nuwe geleenthede? Of met 'n enorme spoed om betyds klaar te maak vir skool en vir werk? Met 'n eerste gedagte aan alles wat hierdie dag moet gebeur? U weet hoe dit in u huis gaan en in u kop maal. U moet uself meet aan die eis van Gods Woord. Doen dit opreg, want die Here deurgrond en ken jou. Hy weet hoe ons gaan lê en opstaan. Hy weet ook of ons die dag met Hom begin en afsluit, en of ons eers 'n hele ent verder - as die dag al 'n paar ure gevorder het - tot die besef kom dat ons nog geen oomblik voor Hom stil geword het nie. *Ás* ons tot daardie besef kom.

## Kritieke vraag

Hoe kan ons tot eer van God skool toe gaan of ons pligte in die huis nakom, hoe kan ons in sy diens ons besigheid bedryf, hoe kan ons van Hom seën op ons arbeid verwag, hoe kan ons gelukkig wees as ons ons dag nie met Hom begin en afsluit nie, nie heeldag mét Hom en vóór Hom besig is nie? Dit is hierdie kritieke vraag wat Dawid laat smeek: deurgrond my, o God! Ken my hart. Toets my en ken my gedagtes. Kyk of daar by my 'n weg van smart is. HERE, kyk of my hart ten volle op U gerig is, weg van dit wat laag en gemeen is. Sif my lewe sodat dit wat verkeerd en mensgesentreerd is, uitgesuiwer kan word. Lei my so op die ewige weg na U toe.

En Vader, as ek hier op aarde die laaste keer my oë toemaak en moet gaan slaap, laat my dan ook by U wakker word - in die hemel, om Christus wil.

---

**FOKUS**

# Onse Kader op die aarde

**Ds ALA Buys**, Pietersburg-Noord

Daar is so iets soos 'gereformeerde' vertraagdheid. Ag sê maar gereformeerde naïwiteit as dit dan beter klink. Die Here Jesus self het gesê: Wees opreg soos 'n duif en slu soos 'n slang. Wel daar is tans baie gereformeerde duiwe, maar naïwiteit is nie 'n deug of 'n diens aan die kerk nie.

Die minister van nasionale onderwys, prof. Kadar Asmal, het slangslu die Bybel uit die staatskole gehaal. Met dankbaarheid het ons gehoor dat die gereformeerde deputate gou was (hulle was eintlik die eerstes) om 'n verklaring in die verband daaroor uit te reik. Die staat se onderwyswet het die onderwys onherkenbaar ingrypend verander. Wat egter die meeste opval is die gereformeerde ouers èn veral die gereformeerde kerkrade se reaksie hierop. Naïef is nie die woord nie.

Die meeste lidmate van die gereformeerde kerke aanvaar dit as gegewe manna uit die hemel dat die staat hulle kinders moet opvoed. Dit ten spyte van 'n doopformulier, 'n plegtige 'ja' in die erediens en ontroerde grootouers wat die kindjie met die (dikwels) spesiaal oorgeërfde dooprokkie 'inbring'. Oor die charismatiese 'grootdoop' kry die doppers koue koors. Ten regte, daaraan vat ons nie met 'n tang nie. Die verbond, onthou die verbond.

Maar is ons verbondbeskouing, of liewer ons verbondlewe, so suiwer as wat ons sê ons is? Leef ons ons belydenis uit? Aanvaar ons regtig die verbondverpligtinge van 'in hierdie leer onderrig en laat onderrig'?

Iemand wat hom beywer vir 'n gereformeerde *ouer*skool, sal bekend wees met die 'gereformeerde vertraagde' teenkanting teen so 'n oproep. Ons noem die eerste paar op die gewildheidtrefferlys:

* Baie ouers is doodgewoon ten gunste van die goedkoopste opsie. As dit by huis en kar en medies en lewenstandaard kom, dan kies hulle nie altyd die goedkoopste nie, maar as dit by hulle kind se opvoeding kom, dan is die goedkoper staatsopsie tog reg.
* Die teenhanger hiervan (van diegene wat 'n bietjie dieper oor die saak dink) is dat hulle nie dubbel belasting wil betaal nie. Hulle sê dat hulle belastinggeld die staatskool finansier, en daarom gebruik hulle dit. Goed dan (en los nou vir eers

die beginsel van ouerskool versus staatskool buite rekening), hoekom dring daardie ouers dan nie daarop aan dat hulle belastinggeld ook neerslag vind in die leerplan nie? Hoeveel gereformeerde ouers het beloof om hulle kind in die Naam van die Here te laat grootmaak - dit beteken binne en buite die huis - en het nie die vaagste idee wat die nuwe kurrikulum 2005 (die laaste opgedateerde een) behels nie? Wat is die verbasing groot by ouers as die graad 7 dogtertjies vir eksamendoeleindes (sommige hoofde hou nog van eksamen) die verskeie maniere van aborsie uit die kop moet ken - omdat die ANC besluit het dat vigs so 'n hoë prioriteit vir die staat se (gedoopte en ongedoopte) kinders is.

* Nog 'n gewilde verskoning: By ons skool staan dié hoof *darem nog* sterk; daar is *darem nog* kwaliteit onderwysers; hier het dit *darem nog* nie gebeur nie; ons dominee is *darem nog* die voorsitter van die beheerliggaam, en die mooiste een van die lot (asof dit die somtotaal van gereformeerde onderwys is): Daar word *darem nog* elke Maandag met Skriflesing en gebed geopen. Ag regtig? As die *wet* anders sê, wat sal jy *darem nog* daarteen kan doen binne die staatskool? Wie gaan hierdie goeie kwaliteit onderwysers en hoofde vervang as hulle aftree? Goeie Kubaanse kwaliteit opgeleide onderwysers? Die ANC is ernstig oor 'herontplooiing' van sy oorskot onderwysers, en die bestuursrade kan ook net soveel 'goeie kwaliteit' ('n koloniale jargon vir blanke, laat staan nog christelike) onderwysers self betaal. Staatskole begin al hoe duurder word, maar dit sal ook afplat omdat die standaard daarmee saam sal afplat. Watter hoof gaan sy pakketgeld verbeur, as hy wel aandring om die Woord darem nog elke Maandag uit die Bybel te lees as die staande skoolreël dit verbied?
* Baie ouers kla (en dikwels nie ten onregte nie) dat die plekke waar die ouerskole wel tot stand kom, dit ontsier word deur politieke indringing. Ek praat hier van die wesenlike verskil tussen gereformeerde onderwys en volkseie onderwys (wat eintlik maar net 'n voortsetting van die ou christelik nasionale gedagte wil wees). Maar moet tog nie die kerkstryd (van APK en ander) 'n skoolstryd maak nie. Moet nie 'n politieke model ('n volksrepubliek of wat ook al) maak tot die alfa en die omega van christelike onderwys nie. Daar is baie dwalings op die mark, maar mag jy om dié rede jou kind aan die staat oorlaat om groot te maak? Hoekom doen jy dit dan nie kerklik ook nie? Hou op kerk toe gaan want daar is so baie verskillende kerke. Absurde redenasie? Kom ons sê dit dan anders: Wil jy nie trou nie, omdat daar te veel egskeidings is? Absurd? Hoekom is dit dan nie absurd as dieselfde verskynsel by die skool voorkom nie?
* Die staat het 'n paar jaar gelede al die sogenaamde model C-skole genasionaliseer. Hy het al die bates wat met ouergeld gebou is, miljoene rande, sonder slag of stoot gevat. Trouens die meeste gereformeerdes weet dit nie eers nie, want die hoof en die lapa en die sportveld en die adres van die skool lyk *darem nog* dieselfde. Die ANC-staatsmasjien wil goeie sosialistiese kindertjies grootmaak, wat in ewolusie en menseregte en vigsveilige seks glo. En *hulle* skole staan in *hulle* dorpe waar ons darem nou nog bly. En ons laai ons kinders by *hulle* staatskole af.
  Wie nie wil sien nie, en wie nie wil hoor nie ...
* En dan die sportafgod. My kind moet op skool in die skool vir die skool aan sport deelneem. Is dit wat jy beloof het by die doopvont, of is dit wat jy jouself voorgeneem het omdat jyself so baie (dalk so ongelooflik afgodies baie) van rugby hou? Verstaan my goed; ek is geensins anti-sport nie. Dit is 'n gawe van God wat ook meehelp met die kind se ontwikkeling. Maar sport hoort by klubs en nie by die skool nie. Dis nie 'n onderwyser se taak om - in skooltyd - my kind in 'skole'-sport te onderrig nie. Die alternatief behels natuurlik meer insette van die ouers en selfs betaalde sportafrigters. Maar baie ouers het geld vir die verband maar nie vir die verbond nie, laat staan nog duur(same) tyd ...
* Die grootste skuld vir hierdie gruwelike verbondsveragting lê by die kerkrade. Veragting is so 'n skerp woord, maar dink tog wat God sê in Prediker 5:3-5: 'As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal (dit sou seker skool*geld* insluit, of hoe?) wat jy belowe. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie. Laat jou mond nie toe om op jou liggaam 'n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant *van God*: dit was 'n vergissing nie. Waarom moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?'

Hoor jy dit, gereformeerde ouderling! Jy wat moet toesig hou oor die verbondskinders van God. Dit sluit nie net in dat hulle katkisasie toe kom nie, maar ook dat hulle skoolleerplan volgens 'hierdie leer' sal wees. Hoor wat sê God: Verbondverbreking is dwaasheid. Glo jy regtig dat die oordeel van God by die huis van God begin? Waarom moet God ons handewerk verwoes?

Hoor, gereformeerde bedienaar van die Woord! U wat die verbondsteken bedien en toelaat dat daardie teken weinig waarde dra buite die kerkgebou en die tuinhekkie en die skoolhek. Miskien moet ons ons hand in eie boesem steek en vra of ons as bedienaars van die Woord nie die verbondsvolk in hierdie verbondskending voorgaan nie. Jy wat ander voor-sê, moet ander voor-doen. Jy weet tog dat die een wat leer 'n dubbele plig het; jy weet tog dat jy rekenskap moet gee oor ander se siele - ook die verbondkindertjies wat blootgestel word aan vreemde leringe (Hebreërs 13:17), wat jy beloof het om met hart en siel te bestry. Ag jy jou gebonde aan die leer wat jy onderteken het? Hoe kan jy preek dat God geen tweërlei saad in die saailand duld nie, dat jy 'skepping' (wel eintlik die Skepper) op die kansel en voor die doopvont en in die kategese verkondig, maar dat daardie selfde kinderhart as saailand met vreemde saad besondig word by die staatskool - waar jou kinders ook nog is?

Hoor, gereformeerde lidmaat – van wie die kinders klaar is met skool! Hoe kan jy getuie wees by die doop as verbondsluiting, in die *erediens* nogal, en die verbondvertrapping roer of raak jou nie. Soos die ou koning vir die Here gesê het: Solank dit net nie in my dae gebeur (het) nie. Die nagmaal is 'n verbondsete. Kan die hele gemeente, as getuies by elke doop, waar die christelike leer 'in die christelike kerk hier' (plaaslik)bely word, werklik met 'n rein gewete *saam* die nagmaal vier, met Jesus Christus as gasheer? Terwyl dit nie die hele gemeente, as verbondsgemeenskap, se bede en werke is, om 'n gereformeerde ouerskool daar te stel nie? Hoe meer mense help aan die ouerskole, des te meer bekostigbaar word die skole. Dis tog so vanselfsprekend.

Ons bid 'Onse Vader in die hemel' met die mond en hart in die kerk as die kerk, maar met die hand en sakgeld lyk ons dade in die skool as die kerk meer na 'Onse Kader op die aarde ...' Romeine 13 vereis dat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, maar dit vereis geen staatverafgoding nie. Gehoorsaamheid aan die staat impliseer nie verbreking van die verbond met God nie. God praat nie uit twee monde nie. God eis tog nie mekaar weersprekende maniere van gedrag nie.

Hoor, gereformeerde teologiese professore! Hoekom is daar geen skoolstryd nie? Hoekom is die ouderlinge in hierdie saak

mede verbondverbrekers? En niemand sê daaroor 'n eksegetiese woord nie. Is dit die normaalste ding op Kader se aarde dat gereformeerde kinders anti-christelike opvoeding ontvang? Omdat die dominees hulle so leer? En wie leer die Woordbedienaars so?

Hoe kan jy die Teologiese Skool vir Die Gereformeerde Kerke wil behou as jy nie die Puk vir die gereformeerde leer wil behou nie. (Ons het darem nou weer 'n gereformeerde rektor. Hoor-hoor. Is ek voortydig met my Dakar-sinisisme hier, as ek vermoed dat rektor Teuns Eloff volgens die 'onse Kader' met die Puk gaan handel?). En hoe kan jy die Puk behou (uit Kader se hande uithou) as jy nie gereformeerde skole wil hê nie? Waarom moet die kinders na die Puk gaan as die noodsaak vir christelike onderwys vroeg reeds in hulle harte doodgeskroei is in die staatskool? Vermóór is deur die ouerhand? Die staat se streekuniversiteit is dan tog goedkoper en nader. Of dink die Puk dis genoeg om eerste rugbyspanne se kouse en telborde te borg om christelike studente te trek? Ons lewe in die verbond - ons is tog verbind aanmekaar. God het ons verbind. Met Hom en met mekaar.

'Beloof u, en is dit u voorneme om hierdie kind, van wie u die vader en moeder is, as hy/sy tot sy verstand gekom het, in hierdie leer te onderrig en te laat onderrig?' Dis die hele kerk se belofte voor God. Of geld die leer van die kerk net vir 'n sekere deel van die kerk - die 'skoolgaande' ouers?

Doen wat jy belowe of skrap dan hierdie verbondsbelofte. Dis beter om nie te beloof nie ... Maar doen tog net iets - in die Naam van God wat sy verbond in sy hemel en op sy aarde, ja, selfs tot in sy hel hou. Jy en jou kind is in sy Naam gedoop.

Begin 'n skoolstryd! Of los die gereformeerde kerk met sy leer dan heeltemal uit, as jy dan nie wil doen wat jy bely nie.

Hoor, wie ore het. Hoor tog, hoor ....

---

**OP DIE KERKERF**

# Die negende gebod

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

**In enkele artikels van die hand van dr JG Meijer en ds ALA Buys het die negende gebod teenoor prof. A le R du Plooy, rektor van die Teologiese Skool (Potchefstroom), herhaalde male ter sprake gekom. Die kern van die saak was of daar bepaalde bewerings gemaak is deur een van die partye en of die bewerings waar was. Of dit aan die basiese vereistes van 'n christelike samelewing voldoen het.**

Dit is miskien goed om die negende gebod van nader te bekyk. Die Heidelbergse Kategismus sê: *'Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadstoker of lasteraar wees nie, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie. ... My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.'*

Ons hoor dit gereeld. As ons dit met die hart glo en met die mond bely, kom dit dan by die een oor in en gaan dit by die ander oor uit? Wat gebeur daar in die praktyk? Miskien is dit goed om weereens te kyk wat die Skrif daaroor sê, asook hoe Calvyn en ander skrywers dit uitlê en watter reël daar in ons samelewing as norm geld.

## Skrifgedeeltes oor die negende gebod

Die tekste wat deur die Heidelbergse Kategismus aangehaal word, is die basis van vraag en antwoord 112. *''n Vals getuie bly nie ongestraf nie, en hy wat leuens uitstrooi, sal nie vrykom nie'* (Spreuke 19:5). Wie mag in die Here se tent vertoef? Hy *'wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie'* (Psalm 15:3). *'Moenie oordeel nie'*, sê Christus, *'sodat julle nie geoordeel word nie'*.

Onverhoord en ligtelik help veroordeel, asook kwaadstook of laster (Romeine 1:30) en woorde verdraai (Psalm 50:19-20), is sake waaroor die Here homself bekommer in die negende gebod. *'Sal ons dan self nie?'*, vra Calyvn (Institusie 2.8.47). Die negatiewe om iets nie te doen nie, word teenoor die positiewe gestel. Die eer en goeie naam van my broeder moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (1 Petrus 4:8). Die liefde bedek immers 'n menigte van sondes.

As daar in Eksodus 23:1-3 geskryf word oor *'geen vals gerug rondstrooi nie'*, word daar veral gedink aan 'n ydel en misdadige getuienis in 'n regsgeding. Dit is opmerklik dat 'n valse aanklag in stryd met die negende gebod Christus aan die kruis gebring het.

Die sake wat in die negende gebod bedoel word, het direk met ons as individue te doen. Jakobus spreek dit in sy brief baie konkreet uit. Geen suiwere godsdiens is moontlik as die tong nie in toom gehou word nie (1:26) en as ons nie spreek soos dit by die geloof pas nie (2:12). Hy sê in die derde hoofstuk: Almal struikel op alle moontlike maniere, sowel met die woord as met die daad. Wie weet hoe om hom te beheers as hy spreek, is volmaak. Hy is bekwaam in die selfbeheersing en is geestelik volwasse, indien hy dit reg kry. Hy wat sy tong in toom kan hou, kan sy hele liggaam in toom hou en werk aan sy geestelike gesondheid.

Die tong is maar 'n klein lid. Calvyn noem dit 'n dun stukkie vleis wat 'n hoë toon voer, maar met 'n groot invloed. Die tong is soos 'n klein vuurtjie wat 'n hele bos aan die brand kan steek, omdat dit net so verwoestend en vernietigend kan inwerk op die wêreld. Dit is op sy eie 'n wêreld van leuens, bedrog en ongeregtigheid, want dit skend die reg en gaan teen Gods reg in. Dit besoedel en bevuil en die hele liggaam word besmet. *'Nie wat in die mond ingaan, maak die mens onrein nie; maar wat uit die mond uitgaan, dit maak die mens onrein'* (Matteus 15:11).

Daardie verwoestende vuur kom reguit uit die hel waar die duiwel heerskappy voer. Die mensdom is in staat om wilde diere te tem. Die tong is vol dodelike gif en 'n rebelse kwaad, giftige pyle wat dodelik kan tref (Romeine 3:13-14). Kan dit wees dat daar seën en vervloeking uit een mond kom? Christus sê: *'Seën dié wat vir julle vervloek, en bid vir dié wat julle beledig'* (Lukas 6:28).

Die wet is die maatstaf wat bevry van selfsug en egoïsme en dit wys die weg na naasteliefde. In die eindgerig sal gehoor-

saamheid aan die liefdesgebod swaar weeg en onbarmhartigheid sal ontmasker word.

## Calvyn oor die negende gebod

Calvyn het in sy Institusie (2.8.47 en 3.7.7) heelwat raak opmerkings hieroor gemaak. Hy sê byvoorbeeld dat ons eerder bystand moet verleen om die waarheid te handhaaf en die ongeskondenheid van die naaste se naam en sy goed te beskerm. In Eksodus 23 gaan dit ook oor vals gerugte rondstrooi in persoonlike gesprekke en Calvyn haal Spreuke 22:1 aan, dat 'n goeie naam kosbaarder is as al die skatte. Daar is nie minder skade wanneer iemand se goeie naam skade ly, as dat iemand van een van sy besittings beroof word nie.

As ons God dus waarlik vrees en liefhet, moet ons soveel as wat ons kan en soveel as wat moontlik is en soveel as wat die liefde toelaat, sorg dat ons nie ons tonge of ons ore aan vloekery en bittere bespotting leen nie en dat ons ook ons verstand nie toelaat om ondeurdag ongunstige verdenking te koester nie. Selfs al het jou naaste niks goeds verdien nie, maar jou met onreg en ook met wandade uitgetart, is selfs dit geen gegronde rede waarom jy daarvan moet afsien om hom met liefde te omhels en liefdespligte teenoor hom te bewys nie. Jy sê: 'Maar hy het heeltemal anders van my verdien!' Maar wat het die Here van jou verdien?

## Die goeie sedes *(boni mores)* van die samelewing wat betref die negende gebod

In ons huidige samelewing wat in 'n mate op christelike waardes gegrond is, het die regstelsel duidelik standpunt ingeneem omtrent hoorsê-, karakter- en opinie-getuienis. Hier gaan dit oor sake wat in die kerk onder die negende gebod hanteer word. In die hof gaan dit, soos in die kerk, om die waarheid. Hoorsê-getuienis, karakter-getuienis en opinie-getuienis word in die algemeen nie aanvaar, as dit gaan om iemand te beskuldig nie.

Sommige mense sou sê: Hierdie getuienis het geen krag nie, want dit is irrelevant is en swak. Selfs al sou dit relevant wees, word dit nog uitgeskakel. Gewoonlik beskou die hof en dus die reg hierdie soort getuienis as onbetroubaar: dit kan die hof mislei.

Die belangrikste is dat dit *nie as waar bewys kan word nie* (by kruisondervraging). In die Wet en Wysigingswet op Bewysreg word dit duidelik gestel dat die getuieniswaarde van hoorsê-getuienis afhang van die geloofwaardigheid van iemand anders as die persoon wat daardie getuienis aflê. Die beskuldigde party (in die kerk die persoon waaroor geskinder word) kan geen beswaar maak nie, want dié wat met die storie begin het, is nie daar nie. Dieselfde geld vir karakter-getuienis. Hierdie getuienis is daarop gemik om 'n sekere geneigdheid by 'n bepaalde persoon aan te toon, wat lei tot 'n sekere optrede. By opinie-getuienis gaan dit ook daaroor dat iemand 'n bepaalde mening oor 'n bepaalde saak het (in die kerk: ek vind dat hy dit en dat onbehoorlik doen).

In die hof gaan dit oor geregtigheid en om reg te laat geskied. Moet dit nie ook die geval wees in die kerk as dit gaan om die omgang met mekaar nie? In die ou Romeinse tyd - Augustinus maak ook uitdruklik daarvan melding - het die beginsel gegeld van 'hoor en wederhoor' of ook *'audi alterem partem'* (luister ook na die ander party, na die ander kant van die saak).

Hierdie reël vereis dat iemand wat beskuldig word, daarvan in kennis gestel moet word. Hy moet die redelike geleentheid kry om op die beskuldiging te antwoord en sy saak te stel. Hierdie beginsel geld nou nog in die hof en in feite ook in die kerk. Of is ons maar al te gou geneig om hierdie basiese beginsel te vergeet?

## Toepassing van die negende gebod

Dit bring ons ten slotte by die saak waaroor dit gaan, naamlik hoe pas ons die eise van die negende gebod in die alledaagse lewe toe? Praat ons met ons vriende en broeders oor sake wat ons sommer op die sylyn gehoor het en verkondig ons dit as die waarheid? Ja, voeg ons nie nog ekstra by om die verhaal aantrekliker te maak nie?

Of is ons net soos ons hemelse Vader bekommerd oor die goeie naam van ons naaste? Weier ons om na stories te luister en wys ons die persoon wat die stories aandra, op *Matteus 18*? En – as dit oor 'n openlike persdebat gaan – eis ons dat openlike beskuldiging met vers en kapittel bewys word? Dit is mos God se reg.

Geen vals getuienis aflê nie, geen woorde verdraai nie, niemand onverhoord (*audi alterem partem*) en ligtelik (na hoorsê) help veroordeel nie, maar my naaste, my broer, se naam na my vermoë verdedig en bevorder. Gebeur dit by ons of gaan daar by ons mense aan die nagmaal wat hulle nog nie van hierdie sondes bekeer het nie?

*Ecclesia semper purunda*. Die Kerk moet voortdurend daarop bedag wees om homself van verkeerde dwaalweë te suiwer. Elkeen van die broeders en susters moet daarom sy gewete ondersoek of hy van voorneme is om God lief te hê bo alles en sy naaste soos homself.

Ons moet die Heilige Gees in ons harte laat werk want deur Hom kan die tong in bedwang gehou word (1 Petrus 3:10). Deur Hom is ons in staat om aan ons naaste bystand te verleen, om die waarheid te handhaaf en die ongeskondenheid van die naaste se naam en sy goed te beskerm (Calvyn Institusie 2.8.47).

Dan sal die wêreld ook kan sien dat die broederskap die ewige wet (*lex aeterna*) van God wil handhaaf en bevorder en dan kan ons deur ons invloed die wêreld se regstelsel (positiewe reg) hieraan normeer. Om oor iemand kwaad te spreek, is lelik en om sy goeie naam oneer aan te doen, is sonde en sonde is opstand teenoor God.

Is daar 'n geregverdige vermoede dat 'n broeder dwaal? Gaan soek hom op en probeer hom help en wandel die weg wat Matteus 18 ons voorhou. As die broeder openlik – in die pers – dwaal, bewys dit openlik tot sy en alle lidmate se behoud en tot eer van God. As jy dit nie wil doen nie, bly dan stil, want dan het jy as broer geen reg van praat nie.

Dit gaan oor reg en geregtigheid in Gods koninkryk, nou nog onvolkome, maar straks volkome waar Hy alles sal wees in almal. Los kwaadsprekery en hoorsê-praatjies. Kry die tong (en pen) onder beheer en probeer 'n volgende keer, as die negende gebod genoem word, net 'n bietjie stilstaan en kortliks in gedagte bring wat God regtig met sy wet in die oog het, naamlik die reformasie en die suiwering van ons lewe en daarmee die verheerliking van sy Naam, nou en vir altyd, uit dankbaarheid. Wat kan ons self vir God aanbied vir al sy weldade? Dit bly net genade!

# Ek geloof aan die gemeenskap

## Poslyste

**Dr AH Bogaards**, Daniëlskuil

### Geselskap in die stad

In die stad Internet ontmoet ons, net soos in 'n gewone stad, baie mense. Daar is ook verskillende moontlikhede om met hulle in gesprek te tree en oor verskillende sake diskussie te voer. Net op een van hierdie gespreksmoontlikhede gaan ek in hierdie artikel in: *poslyste*.

### Wat is 'n poslys?

Dit is 'n lys waarop jy kan inteken en waarheen jy e-posberigte oor een of ander onderwerp kan stuur. Almal op die poslys ontvang jou e-pos en hulle kan daarop reageer as hulle wil. Jy en die res van die poslys ontvang ook al die reaksie. So kan 'n hele interessante bespreking gevoer word.

### Broeders en susters in die stad

Dit is ongelooflik mooi hoe die Internet en poslyste die moontlikheid tot uitlewing van die gemeenskap van die heiliges verbreed. Via poslyste is dit heel eenvoudig om met geloofsgenote in gesprek te tree. Vanselfsprekend is dit besonder verrykend.

Hier het ons die kans - en die plig - om landwyd en wêreldwyd ons gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede van Christus se liggaam aan te wend (HK, Sondag 21, antw. 55). Ons mag hierin ook 'n geleentheid sien wat God aan ons skenk om ons in die geloof te laat opbou deur geloofsgenote.

So is God ook in die stad Internet aan die werk en moet ons Hom in sy stad dien.

### Belangrike poslyste

Soos in enige stad is daar in stad Internet nie net goeie vriende nie. Daar is ook slegte geselskap en poslyste wat ons op die verkeerde spoor kan bring. Daarom wil ek graag daarin leiding gee.

By die volgende adres - dit is die adres van die URC (United Reformed Church in North America) - word nie alleen breedvoerig vertel wat 'n gereformeerde poslys is nie, maar daar is ook 'n lang lys van belangrike poslyste: http://www.covenant-urc.org/links/lists.html. Elkeen word bespreek. Ek wil graag die CO-URC-poslys aanbeveel. U kan by hierdie adres ook meer lees oor die URC.

Hier in Suid-Afrika is daar onder andere die Calvyn-poslys. Om daarby aan te sluit, moet u die volgende doen: Stuur 'n e-pos aan calvyn-subscribe@yahoogroups.com, sonder 'n onderwerp of boodskap en wag vir reaksie. U sal dan volledig leiding kry oor wat om verder te doen.

Beide hierdie poslyste stel sekere vereistes aan hulle lede soos erkenning van die gesag van die Skrif en trou aan die gereformeerde belydenisskrifte.

### Aktueel

Op 'n poslys het u die geleentheid om aktuele teologiese vraagstukke soos die verbond, genadedood, ensomeer te bespreek, meer daarvan te wete te kom en om ander met u kennis op te bou.

---

REGSMEDIESE ETIEK

# SELFMOORD

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

**Op Vrydag 4 Mei 2001 het daar 'n interessante paneelbespreking plaasgevind by die Universiteit van Pretoria. Die paneelbespreking was gereël deur die Stigting van Etiese Medisyne, onder leiding van die algemene chirurg en lektor by die universiteit, dr M.C. Durand. Die paneel het bestaan uit 'n aantal teoloë, asook verskeie medici van verskillende dissiplines en 'n regsgeleerde. As gas by die paneelbespreking was uitgenooi professor dr Nik Lee, wat verbonde is aan die Departement Dogmatiek en Kerkgeskiedenis van die Queensland Presbiteriaanse Kweekskool in Australië.**

Die paneelbespreking het 'n aantal interessante punte opgelewer. Hier volg 'n kort samevatting daarvan.

### Wat sê die Skrif?

Die definisie van selfmoord is die opsetlike en eiemagtige dood-maak van die eie liggaam. Hierdie selfmoord kan vrywillig wees en in party gevalle onvrywillig. Professor J Douma praat in sy boek oor Medische Ethiek oor selfdoding. Verder kan daar nog onderskeid gemaak word tussen 'n voltooide selfmoord, asook 'n onvoltooide selfmoord, wat dan neerkom op 'n poging tot selfmoord. Buite die egoïstiese selfdoding is daar nog 'n altruïstiese selfdoding wat onderskei kan word.

Die mens is as beeld van God geskape en in die sin ook totaal van God afhanklik totdat sy taak op aarde verby is. Na die sondeval het die dood gekom en het die mens deur te eet van die boom van kennis van goed en kwaad, gekies om te sterwe. Moontlik kan hierdie daad van Adam in sy opstand teenoor God

as 'n soort selfmoord gesien word, was dit nie dat die Here tussenbeide getree het met die moederbelofte nie. Die tye van 'n mens is in God se hand. Hy bepaal die tyd wanneer 'n mens moet sterwe. Die mens is geen outonome wese nie, maar leef in die liefde van Christus, met as grootste gebod om God lief te hê en ons naaste soos onsself. Waar Adam dus homself uit die liefdesband onttrek het, het hy daarmee ook die ganse nageslag daaruit onttrek en maak elke mens sy sonde daagliks meer.

Die lewe is 'n gawe van God (Handelinge 17:28 en Daniël 5:23): *Ons asem is in die hand van die Here.* Ook in die Psalms word genoem dat die Here die asem van sy skepsele wegneem. Selfmoord moet dus in die lig van die sesde gebod gesien word: Jy mag nie doodslaan nie. Die Hebreeuse woord beteken: Jy mag nie wederregtelik doodslaan nie.

In die Skrif word daar verskeie voorbeelde genoem van selfmoord. Die Ou Testament noem die voorbeelde van Simson, asook van Saul en sy wapendraer, Agitofel en Simri, asook Abimeleg en die Nuwe Testament die selfmoord van Judas.

Alhoewel daar in die Ou Testament oor hierdie gevalle van selfmoord nie 'n eksplisiete veroordeling uitgespreek word nie, is dit tog nie bedoel vir die gelowige om dit na te volg nie. Die dood van Simson kan moontlik ook nie as 'n selfmoord gesien word nie, maar as 'n opdrag van die Here met 'n opoffering van homself vir sy God en sy vaderland. In Hebreërs 11 word Simson tot die geloof-getuies gereken.

## Biologiese oorsake

Dit wil tog voorkom dat die nuutste kennis vir wat betref die brein en die neurotransmitters wat daarby belangrik is, die brein van pasiënte wat selfmoord pleeg, op 'n biologiese basis aangetas is. Veral die neurotransmitter serotonien speel daarby 'n rol. Daar is verder 'n aantal faktore wat belangrik is, naamlik ouderdom, asook geslag, opvoeding, genetika, psigiese samestelling en verder bepaalde sosiale omstandighede.

Dit wil ook voorkom dat daar meer selfmoorde plaasvind onder protestante as onder rooms-katolieke mense. 'n Moontlike verklaring kan wees dat die protestant se leer altyd die nadruk gelê het op skuld en minder op verlossing, waar daar by die Rooms-Katolieke kerk meer nadruk gelê word op die verlossing, met al sy rituele daar rondom. Ook vir wat betref die Europese tradisie is daar 'n groter persoonlike skuldbesef aanwesig, terwyl die Afrika-bewoner meer 'n kommunale skuldbesef het.

Depressie is self geassosieer met selfmoord. Die twee soorte depressie, naamlik reaktiewe depressie en endogene depressie, het beide tog 'n biologiese basis, waarby die drempelwaarde van die individu dan oorskry word en die pasiënt depressief raak. Die limbiese sisteem is daarby betrokke, asook die persoonlikheid-struktuur. Waar 'n poging tot selfmoord nie altyd die bedoeling het om sigself dood te maak nie, is dit dikwels 'n uitroep om hulp. By die major depressies kom omtrent 80% van die persone tot 'n poging tot selfmoord. Die Hammiltonskaal kan dikwels gebruik word om te beoordeel watter diagnose ter sprake is en of die terapie wat vir die persoon gegee word, werk.

Daar is tog ook aanduidings dat die Skrif met die werking van die Heilige Gees die psigo-biologiese dinamika in 'n mens beïnvloed. By die sondeval het die mens biologies verander, in die sin dat hy sterflik geword het. Daar is ook tekste in die Nuwe Testament wat daarop dui dat die Here met sy Woord en sy Gees beslis 'n invloed het op iemand met depressie en psigiese probleme. In Jakobus 5 word melding gemaak dat die Here die kranke oprig en in Galasiërs word ons opgeroep om te wandel deur die Gees.

## Toerekeningsvatbaarheid

In die Suid-Afrikaanse reg word die begrip toerekeningsvatbaarheid gesien as 'n deel van die skuldbegrip. Toerekeningsvatbaarheid word dan beskou as die nodige geestesvermoë om van regsweë aanspreeklik gehou te word vir wederregtelike doen en late. Die belangrikste ondersoek vir wat betref toerekeningsvatbaarheid is gedoen deur hoofregter Rumpff in sy verslag van 1967. In hierdie verslag is daar bene vasgestel van die toets waaraan die toerekeningsvatbaarheid getoets kan word. Die een been is die patologiese of die biologiese been met die hoofsaak van geestes-ongesteldheid of geestesgebrek en die ander been die psigologiese of sielkundige been waar daar gekyk word na eerstens die onvermoë om die ongeoordeeldheid van die handeling te besef, of die onvermoë of ooreenkomstig daardie besef op te tree.

Hierby word dus onderskeid gemaak tussen die kognitiewe funksie en die konatiewe funksie. By die kognitiewe funksie gaan dit oor die geestes- en bewussynfunksie van die verstand. Die intellek is daarby ter sprake soos die redeneer en die onthou. Kortliks opgesom gaan dit hier oor die onderskeidingsvermoë of die diskriminasie.

Wat betref die konatief gaan dit oor die stel van 'n doel, 'n wilsbesluit en dan die besluit om die doel na te streef, asook om weerstand te bied teen versoekinge om andersins op te tree as wat die persoon se insigte hom leer. Dit gaan hier dus vernaamlik oor weerstandkrag. Toerekeningsvatbaarheid is dus nie dieselfde as skuld nie. By toerekeningsvatbaarheid gaan dit oor die geestesvermoë met die wederregtelikheid-bewussyn en by skuld gaan dit oor opset wat dan weer betrekking het op kennis.

Waar toerekeningsvatbaarheid by bepaalde persone van tyd tot tyd kan verskil en daarby ontoerekeningsvatbare persone in 'n helder interval kan kom waar hulle wel verantwoordelik gehou kan word vir hulle dade, is die begrip van verminderde toerekeningsvatbaarheid net belangrik in verband met die straf wat aan die persoon toegedien moet word.

Die begrip van geestesongesteldheid is afkomstig uit die Engelse reg met die M'Naghten-reëls. In 1843 is hierdie reëls uit die Engelse reg oorgeneem in ons reg. By hierdie M'Naghtenreëls word dan twee vrae gevra, naamlik eerstens of die persoon tydens die handeling aan verstandelike gebrek gely het (defect of reason) as gevolg van geesteskrankheid (disease of mind) sodat hy nie begryp of besef wat verkeerd is nie. Die tweede punt wat by hierdie reëls ter sprake kom, is dat elke persoon vermoed word om geestesgesond te wees.

'n Sieklike, 'n patologiese versteuring van die geestesvermoëns kan nie as gevolg van alkohol of verdowingsmiddels veroorsaak word nie. Alhoewel langdurige alkoholgebruik kan lei tot delirium tremens sal daar altyd psigiatriese getuienis nodig wees om dit te bevestig. Geestesongesteldheid is ook nie dieselfde as outomatisme soos 'n mens dit kan vind by slaapwandel of by bepaalde spierbewegings met 'n droombeeld of epilepsie nie. Ook skok, harsingskudding, asook lae bloedsuikervlakke kan ly tot bepaalde outomatiese handelinge. 'n Kind wat jonger is as sewe jaar, word nie gereken om

toerekeningsvatbaar te wees nie terwyl 'n kind tussen die ouderdom van sewe en veertien jaar weerlegbaar vermoed word om toerekeningsvatbaar te wees.

By opset gaan dit oor die wilsgerigtheid en opset kan dan ook onderskei word in *dolus directus*, waarby die oogmerk opset is, *dolus indirectus*, waarby die oogmerk nie direk so bedoel was nie, maar waarby die gevolg voorsien is en *dolus eventualis* wat eintlik neerkom op 'n kans vat, waarby die gevolge voorsien word en die persoon homself daarmee versoen. Opset word altyd as 'n subjektiewe toets gesien, waarby die hof homself moet indink in die situasie van die gemoedsgesteldheid van die persoon om dit te kan beoordeel. By die wederregtiglikheidbewussyn gaan dit oor die besef dat iemand met 'n bepaalde gedrag besef dat dit nie deur 'n regverdigingsgrond gedek word nie.

In die Suid-Afrikaanse reg is daar 'n aantal sake oor selfmoord en oor die beoordeling van die persone wat daarby gehelp het. Een van die belangrikste en bekendste sake is die van **S v Grotjohn** waarby 'n man aan sy manies depressiewe vrou 'n gelaaide geweer gegee het om haarself daarmee te skiet. Alhoewel die man onskuldig verklaar is op die moordaanklag, is daar tog twee vrae wat beantwoord moet word, naamlik of iemand 'n misdaad pleeg as hy 'n ander aanmoedig, of help, of in staat stel om selfmoord te pleeg en die tweede vraag, indien dit wel so is, aan watter misdaad die persoon hom dan skuldig maak?

Die antwoord sal dikwels afhang van die omstandighede, maar die beoordeling van hierdie tipe sake word in die lig beskou van die oorsaaklikheidprobleem en skuld. Daar word dikwels uitgegaan van die toets *conditio sine qua non* waarby dan gevra word: Sou hierdie toestand so gewees het indien dit nie was vir die handeling van die persoon nie. Net die sneller trek van die slagoffer wat selfmoord wil pleeg, word nie sommer gesien as 'n nuwe gebeurtenis wat die kousale ketting van die begin af versteur nie.

In die Engelse reg gaan dit dikwels oor die ooreenkomste wat 'n aantal persone aangaan om saam selfmoord te pleeg. Indien daar dan een persoon oorleef, word daar gekyk of hierdie persoon dan skuldig is aan die dood van die ander persoon. Indien die oorlewende persoon dan hulpadvies of uitvoering gegee het aan die selfmoord van die persoon wat oorlede is, kan hy skuldig bevind word aan 'n misdaad met 'n straf wat kan loop tot veertien jaar gevangenisstraf. Die skuldig-bevinding kan dan wees strafbare manslag. Dit gaan daar dikwels oor die vraag of die persoon wat oorleef het, dit kon voorsien het of nie.

In die Duitse reg is selfmoord of poging tot selfmoord nie strafbaar nie, maar hulp onder bepaalde omstandighede. Daar word 'n onderskeid gemaak tussen vrywillige en onvrywillige selfmoord asook tussen 'n doen en 'n late. Dit gaan daar oor die vrywilligheid van die selfmoordhandeling asook oor die regsplig om die dood te voorkom en of die beskuldigde hom dalk nie skuldig gemaak het aan doodslag op versoek nie.

Wat die Nederlandse reg betref, was dit onlangs in die pers dat daar in Nederland 'n wet aangeneem is waarby iemand homself kan laat doodmaak met die sogenaamde eutanasie. Iemand wat dan vir hierdie persoon help om homself dood te maak, is dan nie meer strafbaar aan 'n misdaad nie. Alhoewel daar 'n streng konsultasie-proses voor die tyd moet plaasvind, kom dit in feite daarop neer dat iemand wat in Nederland selfmoord wil pleeg om fisiese of psigiese redes, daarmee strafloos gehelp kan word.

## Beoordeling van selfmoord

Daar is slegs een sonde wat deur die Here nie vergewe word nie. Dit is die sonde teen die Heilige Gees. Indien dus iemand uit wanhopigheid deur sy psigiese of fisiese toestand sou kom tot 'n selfmoord, of poging tot selfmoord, is dit 'n sondige daad en teennatuurlik, maar is dit iets wat die Skrif aandui as 'n sonde wat vergewe kan word. Die belang daarby is veral die pastorale benadering vir die persoon betrokke, indien hy dit oorleef, asook vir die familie rondom hierdie persoon. Dit is nie aan ons om 'n oordeel uit te spreek of so 'n persoon na die hel toe gaan of hemel toe gaan nie. Selfmoord is 'n sonde teen die sesde gebod.

Die Here self bepaal die tye van 'n mens en ook die tydstip van 'n mens se dood moet in sy hande gelaat word. Dat die Here daarby bepaalde instrumente kan gebruik, soos dokters wat gewetensvol bepaalde besluite moet neem rondom terminale pasiënte, asook bepaalde pynmedikasie, is in sy hand. Die relevansie daarvan kom veral na vore met die nuwe neiging om 'n lewende testament op te stel waarin 'n mens van te vore kan bepaal of daar lewe-beëindigend opgetree moet word indien so 'n persoon self in 'n bepaalde situasie sou beland soos op 'n ventilator of in 'n hopelose en uitsiglose situasie.

Hierdie lewende testament word dan dikwels gekoppel aan die moontlikheid om orgaandonor te wees van verskeie organe van 'n mens se liggaam. Daar moet egter ernstig gewaarsku word teen hierdie moderne neiging van die lewende testament en dit kan as verkeerd beskou word om van te vore te bepaal hoe in bepaalde situasies opgetree moet word as 'n mens self nie meer daaroor kan besluit nie. As dit die Here se wil sou wees dat 'n mens as gevolg van byvoorbeeld 'n motorvoertuigongeluk met breinskade aan 'n masjien gekoppel is, moet dit aan die oordeel van gelowige dokters oorgelaat word hoe die situasie verder hanteer moet word.

# NUUSFLITS

**Dr AH van den Bout**, Pretoria

In die Amerikaanse Hoër Hof is daar besluit om nie die gebruik van marijuana te wettig nie. 'n Soortgelyke saak is aan die Konstitusionele Hof van Suid Afrika voorgelê en getuienis deur *Doctors for Life* is oor die skadelikheid van marijuana gelewer. Een marijuana sigaret bevat die hoeveelheid teer van vier gewone sigarette. Een marijuana sigaret bevat die hoeveelheid karboon monoxide van vyf gewone sigarette en doen dieselfde skade aan lugweë as tien gewone sigarette. Marijuana vertraag

die reaksievermoë van 'n persoon wat dit gebruik, asook sy koördinasie en aandagspan. Marijuanagebruik by swanger vroue word verbind aan lae geboortegewig asook premature geboorte. Kinders waarvan die moeders tydens die swangerskap gereeld marijuana gebruik het, word ernstig aangetas gebore en het dikwels 'n onderdrukte immuun-sisteem. Kinders op laerskoolleeftyd, waarvan die moeders toe hulle swanger was marijuana gebruik het, het dikwels 'n aandagprobleem, asook 'n kognitiewe probleem. Marijuana verminder die kort-termyn geheue van die gebruikers. Dit is verder bewys dat die gereelde gebruik van marijuana gewoonte-vormend werk waardeur groter hoeveelhede nodig is om dieselfde mate van genottoestand te ervaar.

Hieruit blyk duidelik dat marijuana nie deur 'n christen gebruik behoort te word nie, aangesien dit gewoontevormend is en die liggaam beslis skade aandoen, selfs meer as die normale sigarette. Daar is nog geen bewys dat marijuana as medikasie enigsins beter is as enige reeds bestaande medikasie nie. Christene behoort hulle liggaam wat tog 'n tempel van die Heilige Gees is, rein daarvan te bewaar.

---

**MEDIESE ETIEK**

# Die vyfde gebod en die geneeskunde

**Dr JM Boon**, Cambridge

**Die Here gee die vyfde gebod in die raamwerk van die gesin. 'Eer jou vader en jou moeder.' Die Here vra die kinders om hul ouers alle liefde, eer en trou te bewys. Ook om hulle met gepaste gehoorsaamheid aan hul goeie leer en tug te onderwerp. Die Here vra geduld met hul gebreke in die uitvoering van hul gesag, omdat Hy ons deur hulle wil regeer. Die vraag is of hierdie gebod enige breër verbande in die samelewing aanspreek?**

## Gesagverhoudings in die geneeskunde?

Die Heidelbergse Kategismus gee in die behandeling van die vyfde gebod 'n duidelike aanduiding dat die Here hierdie gebod gee met die oog op alle gesagverhoudings wat Hy daargestel het. Dit begin by die gesin en kring verder uit na onder andere ook die gesagverhoudings op die terrein van die geneeskunde.

Watter gesagverhoudings kan in die geneeskunde onderskei word? Kan 'n mens praat van die verhouding tussen die dokter en die pasiënt as 'n gesagverhouding? Kom die owerheid in die prentjie? Of ontleen alle geneeskundige handelinge sy gesag aan die nuutste en mees aangehaalde mediese publikasie oor die onderwerp?

Ons moet begin deur te sê dat almal wat in die gesondheidsorg werk, teenoor die Here verantwoordelik is. Hy roep almal tot verantwoording voor Hom. Voor sy wette wat Hy vir die hele lewe gee. Hy roep ons om Hom in die eerste plek te gehoorsaam in die dienswerk vir die pasiënte wat Hy aan ons toevertrou. Daarin is dit ons groot verantwoordelikheid om onder andere mediese literatuur deeglik te bestudeer en ook te toets aan die Woord van die Here.

## Die owerheid

God regeer dus oor almal wat in die geneeskunde werk sowel as oor die pasiënte wat versorg word. In hierdie regering gebruik die Here gesagdraers. Vir diegene wat geroep is om in die gesondheidsorg te werk mag dit die superintendent van die hospitaal wees, die afdelingshoof van die eenheid, die matrone van die hospitaal, die departementhoof in die akademiese hospitaal, die provinsiale gesondheidinspekteur, die mediese raad of die minister van gesondheid.

Die Here stel hulle aan om gesag uit te oefen in hospitale en oor sake wat die gesondheid van almal in die land betrek. Epidemies en landwye gesondheidrisiko's moet aangespreek word op groot skaal. Ons sien daarin die Here wat deur die gesondheid-owerheid regeer vir die beswil van sy kinders. Die feit dat grootskaalse malaria-bestrydingspanne ingespan word om jaarliks die risiko van malaria te verminder deur middel van spuitprogramme van stilstaande water en verblyfplekke van muskiete, is 'n voorbeeld hoe die Here deur die hand van die gesondheid-owerheid sy kinders regeer.

Nog 'n voorbeeld is immunisasies. Die owerheid stel 'n immuniseer-beleid vas op grond van kundigheid in die veld van publieke gesondheid. Kinders word ingeënt teen verskeie aansteeklike siektes. Alhoewel hierdie beleid dikwels nie die gesag van 'n wet het nie, is dit die duidelike beleid van die owerheid dat alle kinders geïmmuniseer moet word. Sodoende word die verspreiding van verskeie siektes voorkom.

## Grense van gesag in die gesondheidsorg.

Die gesondheid-owerheid is natuurlik aan die Here verantwoordelik. Hulle is geroep om die wette van die Here te gehoorsaam. Ons sien vandag wêreldwyd 'n groot gebrek aan hierdie verantwoordelikheidbesef by gesondheid-owerhede. Nogtans mag dit ons nie onverskillig maak teenoor 'n goddelose gesondheid-owerheid nie. Die Here het hulle aangestel. Hy wil ons deur hulle hand regeer. Om hierdie gesagdraers te eer hang nie af van hul kwaliteite nie. Dit hang af van God se aanstelling.

Daar is egter grense aan hierdie gesag. Menslike gesag is verleende en begrensde gesag. God verleen hierdie gesag en begrens dit deur sy wet. Grense waarvan ons vandag baie sterk moet kennis neem. Kortliks kom dit daarop neer dat die Here van ons vra om aan Hom meer gehoorsaam te wees as aan die mense. Ons mag nie die gesondheid-owerheid gehoorsaam wees as sy van ons vra om teen God se wil te handel nie.

As die superintendent van sy dokters vereis om aborsies te doen of eutanasie toe te pas, is daar vir die christen-dokter of -verpleegster 'n weieringplig. Aan hierdie goddelose praktyke mag ons geen deel hê nie. Ook selfs nie om pasiënte na

kollegas te verwys wat wel hierdie praktyke uitvoer nie. Die Here roep ons om op 'n wyse manier te getuig voor pasiënt en superintendent.

Daarin het ons aan die gelowige vroedvroue in Egipte 'n voorbeeld. Hulle was aan God meer gehoorsaam as aan die mense en het nie die klein pasgebore seuntjies gedood soos die gesondheid-owerheid van die dag beveel het nie. Ons lees: 'Maar die vroedvroue het God gevrees en nie gedoen soos die koning van Egipte aan hulle gesê het nie, maar die seuntjies laat lewe' (Eksodus 1:17). As die owerheid vandag aan diegene wat in die gesondheidsorg werk, die wet oplê om nie alleen die seuntjies nie (soos die Egiptiese owerheid van honderde jare gelede), maar beide seuntjies en dogtertjies te aborteer of te help met die proses op die versoek van wie ook al, sal ons as christen-dokters en -vroedvroue dan nie ook God meer as die mense vrees nie?

As die owerheid van dokters vra om teen God se wet te handel deur byvoorbeeld deel te neem aan die proses van aborsie of eutanasie, het sy haar gesag oorskry. God het haar nie haar gesag verleen om sy wet te oortree nie. In plaas daarvan dat die owerheid die doodslag moet weer en so haar gesag uitoefen, ook in die gesondheidsorg, word sy nou die inisieerder en uitvoerder van die kwaad wat sy verplig is om te bestry.

## Gesag oor pasiënte?

Daar bly nog die vraag of die dokter enige gesag het oor die pasiënt? Ons kan dit nie sommerso stel nie. Die Here het nie die dokter gesag verleen soos wat hy die pa en ma gesag verleen oor sy kinders nie. Die pasiënt raadpleeg die kundigheid van die dokter en beide staan onder gesag van die wet en roeping van die Here. Vir die pasiënt kan ons sê dat die Here in sy/haar siek wees oor hom mediese personeel beskik wat verantwoordelik is vir versorging. Die Here stel hulle aan in die situasie van siek wees.

Alhoewel die pasiënt ook in die besluitneming oor behandeling en diagnose betrek is en daarin deelneem, vra die Here die pasiënt om die raad, advies en behandeling van die dokter in sover dit ooreenstem met die wil van die Here, na te volg. In hierdie sin is daar wel van gesag sprake. Die pasiënt is dus nie outonoom nie, en die dokter ook nie. Beide, die outonome pasiënt-model en die paternalistiese model van die dokter-pasiëntverhouding is nie skriftuurlik nie.

Die Here beskik dat hierdie dokter of verpleegster die pasiënt behandel. Hy beskik in sy barmhartigheid kundigheid oor ons om ons in sodanige gesondheid te hou dat ons ons God kan dien. Die laaste woord oor die dokter-pasiënt-verhouding is egter nog lank nie gesê nie. Dit is nodig om dit nog verder vanuit die Skrif te bestudeer.

## Slot

Die Here plaas die vyfde gebod in die raamwerk van die gesin. Die gesin is die beginpunt van alle verdere samelewingsverbande. Wat in die gesin geleer word, is van fundamentele belang vir die houding in ander samelewingsverbande, ook in die geneeskunde. In die gesin word arbeiders en burgers van God se koninkryk opgelei.

**PERSSKOU**

**Ds GJ Meijer**, Wonderboompoort

# Hier kom 'n dekadente ding

In *Beeld* van 22 Maart 2001 verskyn 'n kort weergawe van 'n onderhoud wat met ds André Jansen in Nederland gevoer is. Ds Jansen het ongeveer elf maande gelede uit Pretoria (Gereformeerde Kerk Wierdapark) na Nederland geëmigreer nadat hy 'n beroep na die Christelike Gereformeerde Kerk Aalsmeer aanvaar het.

Ds Jansen: *Suid-Afrikaanse kerke moet hul dringend daarop instel om die land se jeug geestelik voor te berei teen die golf van verwêreldliking, ongeloof en dekadensie wat van Europa op pad is. Tradisionele Afrikaanse kerke sal moet wakker word en by die ware essensie van kerkwees uitkom, veral rakende hul taak oor die jeug.*

*Baie Afrikaanse kerke weet nie meer hoekom God hulle ingestel het nie. Vir hulle gaan dit oor kerkwees ter wille van kerkwees en die instandhouding van strukture en ordes ter wille van die handhawing van 'n eie identiteit.*

*Van die dinge wat hulle sal moet laat vaar, is die vernietigende politiek en Afrikaner-nasionalisme wat 'n vloekwoord geword het. Politiek kan nie langer aan geloof gelyk gestel word nie.*

*Die kerke het 'n groot maatskaplik-evangeliese taak in die heropbou van Suid- Afrika. Die bekerende prediking van die 'liewe Jesus'-teologie moet met praktiese barmhartigheid aangevul word. Honger of koue mense verstaan nie 'n preek oor Jesus se liefde nie.*

*As die Europese ongeloof, geestelike verwatering en kerkloosheid Suid-Afrika tref, gaan dit van ons jeug en ook ouer kerklede 'n radikale keuse vir God vereis. Dan eers sal die gevolge van kapitalisme, soos selfgerigtheid en weiering om opofferings te maak, weerstaan word en die beproewing en loutering van misdaad, die swak ekonomie en werkloosheid deur God se oë verstaan kan word.*

Ds Jansen trek 'n parallel tussen die situasie in Nederland en in Suid-Afrika: *Die kerk in Nederland het geveg om sy struktuur te bewaar, pleks van om 'n geestelike teenbalans vir verwêreldliking te vind. Dit terwyl ongeloof met liefde, en nie met kerkorde en dogma nie, teengestaan moet word.*

Met enkele opmerkings word 'n hele paar belangrike sake aangeroer.

Die waarskuwing in verband met die jeug is nie oorbodig nie. Trouens, bediening van die jeug behoort altyd vir elke gemeente 'n hoë prioriteit op die agenda te wees. Die vraag is: Hoe moet die jeug met Gods Woord bedien word, sodat hulle opgewasse sal wees teen die aanslae van die wêreld? Antwoord: Woordverkondiging in al sy fasette. Kinders moet van jongs af leer om oplettend te luister na opbouende preke. Deeglike kategetiese onderrig moet hulle pantser in hulle geloofslewe. Daarmee saam ywerige Bybelstudie - persoonlik sowel as gesamentlik. En huisgodsdiens waar ouers moeite doen om

hulle kinders in die leer te onderrig. Wat 'n mens benoud maak, is die 'alternatiewe' wyses waarop deesdae gepoog word om kinders godsdienstig op te voed. Instede van die jeug positief opvoed in eredienste waar Woordverkondiging 'n sentrale plek inneem, word kindervriendelike byeenkomste bepleit 'om die jeug by die kerk betrokke te kry'. Talle jeugaksies bestaan 80 tot 90% uit sosiale aktiwiteite, video-kyk, saamkuier - terwyl Bybelstudie, die kern van geloofsgroei, tot die minimum beperk word. Hoeveel ouers doen nog huisgodsdiens saam met hulle skoolgaande kinders? In watter mate is ouers betrokke by hulle kinders se kategetiese en skoolwerk? Die uiteinde van al hierdie 'kindervriendelikheid' is baie voorspelbaar. Daar sal voortdurend by die jeug se nimmereindigend veranderende smake aangepas moet word - maar die pitkos gaan agterweë bly. Kinders hou nie van spinasie nie. Hulle moet geleer word om dit te eet; en te besef dat dit gesond is.

Ds Jansen se opmerking oor kerkwees ter wille van kerkwees dwing 'n mens tot stilstand. Al te maklik kan kerke van maand tot maand en jaar tot jaar voortleef sonder om krities te bedink: wat doen ons, waarheen is ons op pad? Kerkrade en gemeentes sal van tyd tot tyd eerlike voorraadopname moet maak. Alle kerklike aktiwiteite (Woordverkondiging, huisbesoeke, kerkraadswerk, diakonale sorg, jeug- en bejaardebediening, sendingwerk) moet onder die lig van Gods Woord geplaas word: Groei ons, bereik ons ons Godgestelde doel, kom ons ons roeping na?

Die opmerking '*ongeloof moet met liefde, en nie met kerkorde en dogma nie, teengestaan word*' kan nie ongesiens verbygaan nie. Hier word veronderstel dat kerkorde en dogma liefdeloos, afstotend werk. Is dit so? Bestaan daar spanning tussen liefde enersyds en dogma en kerkorde (kerkreg) andersyds? Indien dit die geval is, word 'n vreemde dogma verkondig en 'n onskriftuurlike kerkreg voorgestaan. Suiwer dogma en kerkregering is niks anders as liefdebetoon nie. Andersom gesê: Hoe gaan ware liefde aan ongelowiges bewys word, anders as deur verkondiging van die Skrifleer en die bediening van God se reg? Die teenstelling wat ds Jansen maak, is onwaar en misleidend.

In watter mate die kerke 'n '*groot maatskaplik-evangeliese taak in die heropbou van Suid-Afrika*' het, is 'n saak wat behoorlik ondersoek moet word. Die kerk se primêre taak is immers die verkondiging van Gods Woord. Sosiaal-maatskaplike opheffingswerk moet - op die basis van die verkondigde Woord - deur lidmate in hulle amp van gelowige aangepak word. Mag God voortdurend die bereidwilligheid in ons harte en hande gee om die Woord te hoor - en te doen wat ons hoor!

---

# DIE STIGTING VIR GEREFORMEERDE LITERATUUR

Hiermee word bogenoemde stigting aan u bekend gestel.

## Waarom die stigting?

Nadat die Hammanskraalse Teologiese Skool gesluit het, het sy biblioteek beskikbaar geraak en is deur 'n aantal broeders gekoop. Die biblioteek wat 'n bepaalde era in die geskiedenis van die GKSA verteenwoordig en wat waardevolle boeke bevat, moet bewaar, gebruik en toeganklik gemaak word. Met die oog hierop is die Stigting in die lewe geroep.

## Die doel van die Stigting

Die doel is om waardevolle gereformeerde literatuur tot behoud van ons gereformeerde erfenis vir gebruik beskikbaar te stel.

## Lidmaatskap

Lidmate van die Gereformeerde Kerke kan lede van die Stigting wees en hulle het toegang tot die biblioteek.

## Ondernemings:

- Die Stigting het reeds die Hammanskraalse teologiese biblioteek aangekoop.
- Die Stigting onderneem om ook aanvullende gereformeerde literatuur aan te koop soos dit beskikbaar kom.
- Die boeke word voorlopig gebêre in 'n toegewese lokaal by die gemeentesentrum van Die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.
- Rakke sal so spoedig moontlik gebou word om die boeke te plaas.
- Enkele biblioteekkundiges se dienste word bekom om die voorraad vir optimale gebruik toeganklik te maak en die indeks sal gerekenariseer word.
- Die totale koste vir die aankoop, vervoer en installering beloop ongeveer R 100 000,00. **Waar 'n gedeelte van hierdie onkostes per lening reeds bekom is, doen hierdie stigting 'n beroep op die broederskap om die projek van harte te help finansier met ruim donasies en later 'n jaarlidmaatskap uit te neem.**
- Die ABSA Ben Swartstraat tak Wonderboom-Suid, Pretoria se rekening nommer is:
  **9073 902 771**
  Takkode: **334 645**
- Inligting oor die Stigting vir Gereformeerde Literatuur kan gekry word by:

| | |
|---|---|
| Ds HLJ Momberg | Tel: 332 1231 |
| Ds HJP de Beer | Tel: 333 4854 |
| Ds GJ Meijer | Tel: 546 4915 |
| Dr SJMS Smit | Tel: 332 1196 |
| Dr JG Meijer | Tel: 329 1465 |
| Dr AH van den Bout | Tel: 332 2988 |

## Versoek

Die telefoniese vraag om verdere inligting na aanleiding van die artikel 'Die ware kerk weer Skrifkritiek af' het helaas verlore gegaan. Ek versoek die betrokkene vriendelik om sy vraag nogmaals te stel, by voorkeur direk aan Printburo (e-pos en adres op bladsy 2). *Eindredakteur*